

**Jeremy Cronin, voormalige adjunkhoofsekretaris van die SAKP.** Foto: LISA HNATOWICZ

# SAKP-lede kan ANC los as premierliga wen

Dit sal vir die meeste SAKP-leiers moeilik wees om in ANC-poste te bly indien die "rampokker-premierliga" op die ANC se leiersverkiesing in Desember seëvier, sê Jeremy Cronin, uitgetrede adjunk-hoofsekretaris.

Cronin het gister op die SAKP se nasionale konferensie in die Birchwood-hotel in Boksburg oor die voor- en nadele van die SAKP se moontlike deelname aan 2019 se algemene verkiesing gepraat.

Ingeligtes sê die SAKP sal eers ná die ANC se leiersverkiesing 'n besluit hieroor neem, want hulle wil eers sien of adj.pres. Cyril Ramaphosa tot ANC-leier verkies word.

Cronin sê ander faktore wat 'n rol sal speel, is die opkoms van die EFF, die "verlamming" in die ANC en staatskaping.

Hy sê daar is onsekerheid oor die ANC se toekoms weens die verdeeldheid in die party en die moontlikheid dat die "rampokker-premierliga", die premiers van die Vrystaat, Mpumalanga, Noordwes en KwaZulu-Natal, kan oorwin.

Hulle is stoere ondersteuners van pres. Jacob Zuma en sy eksvrou, dr. Nkosazana Dlamini-Zuma. – **News24**